191. T. 1 (58)

Bylae A by Bondsraadnotule
24 en 25 November 1960.

# DIE A. B. IN DIE REPUBLIEK.

deur

PROF. H.B. THOM.

(Voorsittersrede, Bondsraad,
Bloemfontein, 24 Nov. 1960).

Geagte Brs.,

Ons is weer eens hier vir 'n Bondsraad byeen. 'n Bondsraad is altyd 'n belangrike geleentheid, maar hierdie Bondsraad is werklik van buitengewone belang vir ons.

Dit is die Bondsraad wat al om die twee jaar in Bloemfontein gehou word; dit is die Bondsraad waarop weer 'n verkiesing van U.R.-lede plaasvind; dit is ons eerste Bondsraad nadat blanke Suid-Afrika hom by die referendum ten gunste van 'n Republiek in Suid-Afrika uitgespreek het. Dit lê voor die hand dat hierdie Bondsraad in die teken van ernstige dinge staan, en dat ons geroepe word om, in die lig van die hede, na te dink oor wat ons taak in die toekoms gaan wees.

Laat ek maar dadelik by die referendum aanknoop. Toe ons in die referendum geseëvier het, het die U.R. die behoefte daaraan gevoel om die Eerste Minister van harte met die uitslag geluk te wens. Ons wil nou weer aan hom sê dat ons dit waardeer dat hy bereid was om die groot verantwoordelikheid te aanvaar en 'n beslissing van die volk van Suid-Afrika te vra. Ek dink ons besef nie altyd watter vaste oortuiging en beslistheid hierdie stap van hom geëis het nie, veral waar die uitkoms geen sekerheid was nie.

Nadat ons U.R.-lede hom persoonlik gelukgewens het, het ons ook aan hom geskryf. Van hom het ons daarna 'n brief ontvang, waarvan ek die hoofpunte nou aan u gaan voorlees. Hy sê:

„Baie dankie vir u vriendelike brief van 28 Oktober 1960, waarin u namens u Raad my gelukwens met die uitslag van die Volkstemming. Ek sal bly wees as u my waardering oordra vir die vriendelike wyse waarop my persoonlike aandeel aangeprys word. Ek voel natuurlik self dat my aandeel waardeloos sou gewees het as dit nie vir die steun was wat van alle dele van ons Volkslewe gekom het nie. Binne-in die Kabinet en die Party was daar steeds eenparigheid en samewerking, maar net so is dit ervaar van buite die Party, soos

2/ u organisasie.........

u organisasie maar al te goed weet. Naas die seën van Bo is ons dus aan almal dank verskuldig en wil ek graag in die besonder aan u Raad en almal wat hy verteenwoordig, my opregte waardering toebring vir sy steun in die baie vorms waarin dit aan ons gegee is. Dit is ons gemeenskaplike prestasie en die prestasie van die Volk wat van die Republiek werklikheid gaan maak. Ek waardeer inniglik die belofte van samewerking vorentoe.

Daar sal seker nog baie probleme voorlê waarvan nie die minste is dat sommige mense nie kan onderskei tussen 'n poging om 'n Republikeinse Volk op te bou en om volkseenheid te probeer verkry sonder prysgawe van beginsels en sonder prysgawe van aparte identiteite, en die strewe na eenheid deur allerhande toegawes te maak nie. Dit is hier waar u en ons suiwer moet staan op beginselgrondslag en ons ondersteuners moet keer teen afdwaling. Veral is daar die gevaar dat terwille van skyneenheid en terwille van gebare aan die buitewêreld in die vae hoop op 'n verandering van gesindheid, toegawes bepleit word op die gebied van kleurbeleid.

Sommige mense bepleit nie alleen die uitgangspunt van ander, nl. politieke verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement, maar erken dat dit nie alleen die eerste stap op die integrasiepad is nie, en aanvaar dadelik die konsekwensies van volle sosiale en ekonomiese integrasie en selfs van biologiese assimilasie. Sommige aanvaar ook dadelik dat dieselfde ten opsigte van die Indiër in Suid-Afrika moet plaasvind. Met ander woorde, hulle wil ons van binne beweeg tot die eerste stap op die politieke terrein wetende dat dit die end is van 'n blank Suid-Afrika, en dit terwyl hierin juis ons groot geveg teen ander Partye geleë was, wat op verskillende grade van so 'n integrasiepad beweeg het. Die huidige tendens is vir die Verenigde Party om nouer en nader aan die progressiewe uitkyke te kom waardeur die teenstelling tussen 'n helder apartheidsbeleid by alle kleurgroepe en 'n ondubbelsinnige integrasie, duidelik word soos ek voorspel het. Nou kom hier mense en vertroebel die helder verskil deur ten opsigte van die Kleurlinge en altemits Indiërs ook 'n begin te maak op daardie selfde pad. Ek sal dit ten sterkste moet bestry

anders beteken ons oorwinning niks nie. Aangesien sommige van hierdie afwykings uit u kringe kom, hoop ek dat u hierin u ondubbelsinnige steun sal gee, want anders sou die botsing oor hierdie aangeleentheid onnodig ernstig kan word."

Geagte vriende, ek het hierdie brief aan u voorgelees omdat ek u omtrent die inhoud daarvan as sodanig wou inlig, maar ook omdat dit tot 'n sekere mate die agtergrond gee van wat ek nou in my voorsittersrede aan u wil voorlê. Ek wil met u praat oor die onderwerp:

DIE A. B. IN DIE REPUBLIEK.

Iets meer as twee jaar gelede was ons hier in Bloemfontein vir 'n Bondsraad byeen. By daardie geleentheid het ons ons Br. Eerste Minister saam met ons gehad, en het ek hom welkom geheet en aan die Bondsraad voorgestel. Nadat ek 'n hele paar dinge genoem het, waarvoor ons dank aan hom verskuldig is, het ek aan hom gesê dat ons van hom vra dat hy ons in die Republiek sal inlei. Hy het geantwoord en op weloorwoë wyse sy standpunt gestel. Hy het gesê dat hy die gevoelens van die vriende ten seerste waardeer, dog dat hy hom geroepe voel om terselftertyd te waarsku dat ons nie tevrede moet wees om net 'n Republiek uit te roep nie, maar dat ons ook in staat moet wees om die Republiek te handhaaf. Hy het die versekering gegee dat die Regering die voorbereidende werk sal doen, en dat, wanneer die tyd daarvoor ryp is, die Republiek ingevoer sal word.

Hy het die beeld gebruik van 'n piramide. Die boonste gedeelte van die piramide verteenwoordig die betreklike klein getal werklike oortuigde mense, wat 'n Republiek vuriglik begeer, maar die onderste breë basis is die gewone volk daarbuite, die volk wat opgevoed moet word en oortuig moet word dat die Republiek noodsaaklik is en dat dit gehandhaaf kan word. Hy het die versekering herhaal dat, wanneer die tyd daar is, die nodige gedoen sal word.

Brs. ons weet nou almal dat ons Br. Eerste Minister woord gehou het. Toe die tyd na sy mening aangebreek het, het hy besluit dat 'n referendum gehou sal word, sodat blanke Suid-Afrika hom kan uitspreek of hy 'n Republiek wil hê al dan nie.

Het u al ooit daaraan gedink watter moed, watter oortuiging, watter geeskrag dit van die Eerste Minister geëis het om daardie beslis-

sing te neem? Bedink vir 'n oomblik : Dit was glad nie seker wat die uitslag sou wees nie; daar was baie mense - selfs van ons eie mense - wat kleinmoedig begin word het; en daar was baie mense - weer eens ook van ons eie mense - wat deur opposisie-krete om die bos gelei is, en openlik gesê het dat daar so baie ander groot waagstukke was dat dit nie die tyd was om oor die Republiek te praat nie. Maar ons Br. Eerste Minister het die beslissing geneem. Die referendum het plaasgevind, en Suid-Afrika het hom met 'n sterk meerderheid ten gunste van 'n Republiek uitgespreek. U en ek, ons is getuies van wat hier gebeur het; nog meer, ons is deelhebbers daaraan.

Soms kry 'n mens die gevoel, as jy aan die een of ander belangrike geskiedkundige gebeurtenis dink, dat jy graag daar aanwesig wil gewees het, al was dit net vir 'n kort, vlietende oomblik. U het seker al die begeerte ondervind dat u graag vir 'n tydjie in die dae van die Groot Trek wou geleef het, om bv. net te sien hoe die Voortrekkers die Grootrivier deur worstel en na die Noorde koers neem. U het seker ook al daardie mense van die Groot Trek beny, omdat dit vir u gevoel het of hulle bevoorreg was om self aan 'n groot historiese gebeure deel te hê. U het miskien ook al aan die voet van Tafelberg gestaan en, terwyl u na die magtige berg kyk, die gevoel gekry dat u net vir 'n oomblik daar wou gewees het toe die eerste groepie blankes voet aan wal gesit het om die beskawing na ons land te bring. U het gevoel of u dit van naby wou sien, en selfs ook daaraan deel wou hê.

U en ek, ons almal wat hier is, het ten tyde van die referendum ook 'n groot gebeure gadegeslaan, wat in ons geskiedenis ongetwyfeld nog een van die uitstaande hoogtepunte gaan wees. Ons het 'n magtige gebeurtenis van naby gadegeslaan; en ons het persoonlik daaraan deelgeneem. Ons besef die betekenis daarvan nie genoegsaam nie. Maar diegene wat na ons sal kom, oor vyftig of honderd jaar, hulle sal die perspektief hê en hulle sal die betekenis verstaan. Hulle sal sê dat ons bevoorreg was om die referendum van naby te sien en persoonlik daaraan deel te neem. Hulle sal ons, die mense van vandag, as die geroepenes van die Geskiedenis beskou, die geroepenes om die uitspraak ten gunste van die Republiek te gee. En hulle sal dan miskien ook voel dat hulle net vir 'n oomblik in Oktober 1960 wou geleef het om die groot gebeure van naby

te sien. In hierdie lig moet ons die referendum sien; ons moet die die juiste perspektief hê, en ons moet die betekenis besef.

Ons is vandag soms geneig om te dink dat ons die Republiek al het. Dit is verstaanbaar. Ek voel soms self ook só. Maar die feit is dat ons die Republiek nog nie het nie. Die Parlement sal in sy volgende sessie wetgewing moet aanneem om die Republiek vir ons werklikheid te maak. Ons Br. Eerste Minister en sy Regering sal, as dit die Here se wil is, daardie wetgewing met welslae kan deurvoer en dan sal ons ons Republiek hê. Ek vertrou dat die Afrikanerdom oor ons hele land dan op waardige wyse sy dankbaarheid sal betuig, nie in 'n gees van eie-roem en selfverheerliking nie, maar in 'n gees van nederige, diepe dankbaarheid teenoor God - soos die F.A.K. by sy groot dankdiens by Monumentkoppie onlangs gedoen het.

Hier is ons nou as A.B.-lede in die Bondsraad, die hoogste liggaam van die A.B., bymekaar om gedagtes te wissel oor die taak en plek van die A.B. in daardie Republiek wanneer die Republiek werklikheid geword het. Wat gaan ons doen? Hoe gaan ons optree as die Republiek ingevoer is? Of gaan ons miskien dink : Nou is die Republiek daar, nou is daar vir ons nie meer 'n taak nie? Gaan ons miskien, in die uur van ons seëpraal, gevang word deur die groot gevaar van die seëpraal, nl. oorgerustheid, selftevredenheid? Die geskiedenis het al baie volke gesien wat deur hulle seëpraal swak en pap geword het. Sal dit met ons miskien ook só wees? Laat ons 'n bietjie stilsit en ernstig besin.

As die Republiek werklikheid word, sal ons die logiese finale stap, die logiese konsekwensie, op die pad van die Afrikaner se staatkundige selfstandigwording belewe. Die Republiek sal die logiese uitvloeisel van ons konstitusionele ontwikkeling wees. Suid-Afrika sal die hele pad van bestuurlike ontwikkeling geloop het. In Kaapland het ons die vroeë, primitiewe, ondergeskikte regeringsvorms geken : van 'n eenhoofdige, outokratiese bestuur af tot by verantwoordelike regering in 1872 - maar steeds onder buitelandse gesag. Met Natal onder Britse bewind was die verloop in hoofsaak dieselfde. In die Vrystaat en Transvaal het daar 'n tydlank wel onafhanklike Boererepublieke bestaan, maar die republieke is deur Brittanje met mag en geweld onderwerp, en die Britse stelsel van ondergeskikte regering - eers verteenwoordigende bestuur

6/ en later.............

en later verantwoordelike regering - is ook hier ingevoer.

Onder die Unie van Suid-Afrika is een stap na die ander op die pad van staatkundige selfstandigwording gedoen, maar nog steeds het ons onder die Britse Kroon - al was dit eindelik teoreties dan ook ons eie Kroon - gebly, en daardeur het ons aan ander gekoppel gebly. Met die Republiek sal ons die laaste stap doen : ons sal volkome selfstandig wees; ons sal die logiese konsekwensie van die proses van ons selfstandigwording belewe.

As die Republiek werklikheid word, sal ons verder die tipiese, die kenmerkende vormgewing van die Afrikaner se staatkundige denke belewe; want ons geskiedenis toon by herhaling dat die Afrikaner, as hy hom in verband met sy staatsbestuur en sy staatsvorm uitspreek, aan die republikeinse bestuur en staatsvorm voorkeur gee.

Met vrywel elke volk is dit só dat hy hom op die belangrike verskillende lewensterreine ooreenkomstig sy diepere beginsels, sy fundamentele denke, uitspreek. Neem ons eie volk. Op die kerklike, godsdienstige gebied : Wat is daar die fundamentele, die kenmerkende van ons denke? Daar is baie dinge wat ons sou kon noem, maar die vernaamste, die kenmerkendste is m.i. die Calvinisme, soos hy uitdrukking vind in ons Afrikaanse Kerke. Let ook op die terrein van die onderwys. Wat is daar die fundamentele, die vernaamste vorm? Ons sou baie dinge kan noem, maar die vernaamste, wat bo alles anders uittroon, is ongetwyfeld moedertaalonderwys. Dit is ter wille van moedertaalonderwys en die moedertaalskool dat ons - of meer bepaald die F.A.K. - groot kongresse georganiseer het, dat ons 'n ernstige en lang stryd gevoer het en dat ons ook groot oorwinnings behaal het. Kyk ook na die sosiale of maatskaplike terrein. Wat is daar die kern van ons beskouinge? Ook hier sou ons baie dinge kon noem, maar dit lyk my dat ons stellig die Afrikanerhuisgesin nommer een moet plaas. Want, as ons huisgesin en alles wat daarmee in verband staan, tot niet gaan, sal, op maatskaplike gebied ten minste, die Afrikanervolk saam met die Afrikanerhuis in duie stort.

Laat ons dan ook na die staatkundige terrein kyk. Wat is hier die fundamentele, die essensiële? Oor die antwoord hoef daar nie twyfel te bestaan nie : Die Republiek is die vormgewing, die essensiële in ons

denke. As ons weer ons Republiek het, bereik ons 'n ideaal, 'n ideaal wat vir baie van ons ouers, wat hulle republieke geken het, 'n werklikheid was, maar wat vir baie van ons van die huidige geslag slegs as 'n ideaal voorgeswewe het, 'n ideaal wat vir baie van ons so vérweg, so onbereikbaar ver, gelyk het. Die uitslag van die referendum was vir ons die groot oorwinning, wat vir ons daardie ideaal binne die perke van ons bereik geplaas het en vir ons die weg geopen het om dit weer werklikheid te maak.

Ons kom nou meer bepaald by die taak en plek van die A.B. in die Republiek. In verband hiermee sien ons vandag om ons heen sekere verskynsels waarop ons goed moet let.

Ek dink bv. aan verskynsels wat ons opmerk met betrekking tot samewerking tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, iets wat deur baie so vuriglik begeer en gepropageer word. Ons verlang na hartlike, goeie samewerking, en dis goed en reg só. Aan alle kante word gesê dat die tyd aangebreek het dat ons ons Engelssprekende medeburgers moet vind, en met hulle moet saamwerk; ons moet dit doen nie net in ons belang of in hulle belang nie, maar in belang van Suid-Afrika.

Hierteen sal niemand beswaar hê nie. Maar ek kyk 'n bietjie terug en ek vra my af : Wat het die Afrikaner dan in die verlede gedoen? Het hy dan geweier om sy samewerking te gee? Waarom moet 'n mens dan nou so dikwels hiervan hoor? Waarom word dit gestel asof dit iets is wat ons nog nooit voorheen gedoen het nie? Dat die Afrikaner in die verlede nie vir samewerking te vinde was nie, sal niemand kan beweer nie. Immers, ons rekord is nie so sleg nie! Teenoor Engelssprekendes was ons vriendelik en beleef. In 'n geselskap sê 'n Engelssprekende dikwels wat hy wil, terwyl Afrikaners te beleef is om hom teen te spreek, en selfs hulle eie taal vergeet en almal na Engels oorslaan!

In ons politieke lewe was dit ook nie anders as in ons sosiale lewe nie. Ons vind die Engelssprekendes altyd in een groot party saam, terwyl dit die Afrikaners is wat verdeeld is. Sommige van die Afrikaners het hulle in één party saamgetrek, maar 'n groot aantal van hulle het nog altyd met die Engelssprekendes saam gestaan. Dit wil voorkom of dit juis die Afrikaners was wat tot samewerking bereid was, tot so 'n mate selfs dat hulle verdeeldheid en wrywing in eie kring met lede of

aanskou het, terwyl Engelssprekendes van hulle kant weinig of niks gedoen het om Afrikaners te verstaan en met hulle saam te werk nie. Daar was wel individuele gevalle van Engelssprekendes wat samewerking met die Afrikaner gesoek het - en 'n mens voel baie dankbaar daarvoor - maar die groep wat die meeste bereid was tot samewerking met die ander, was seer seker nie die Engelssprekendes nie.

Ons Afrikaners is in hart en siel Republikeine, en ons span ons met geesdrif in vir die verkryging van die Republiek maar ten spyte daarvan het ons, wanneer lede van die Britse Koningshuis ons land besoek, nooit iets anders as gasvryheid, vriendelikheid en wellewendheid teenoor hulle geopenbaar nie. Dit is 'n mooi kenmerk - net soos ons beleefdheid - maar dit het soms ver gegaan, bedenklik ver. 'n Mens het soms gewonder of dit nie _te_ ver gaan nie, soos bv., wat verskeie van ons aanskou het, toe 'n aantal fris jong Afrikaner-seuns - soos perde voor 'n koets bespan - 'n Britse prins deur die strate van een van ons dorpe getrek het. Hoe dit sy, en dit is die hoofsaak wat ek wil uitbring, ons het nie so 'n slegte rekord in die verlede nie; en niemand sal kan sê dat ons nie baie bewyse van ons begeerte tot samewerking gelewer het nie. Word daar vandag gepraat oor samewerking tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende, dan moet dit dus nie voorgestel word asof dit iets nuuts is waartoe ons nou eensklaps opgevorder moet word nie, asof ons in die verlede nie van die wenslikheid daarvan bewus was en niks daaraan gedoen het nie.

As ons vandag om ons heen kyk, sien ons in die koerante baie briewe en verklarings wat vir ons wil uitlê hoe noodsaaklik dit geword het dat ons die Engelssprekende se hand moet vat. Baie van die mense wat so praat, bedoel dit ongetwyfeld goed, en 'n mens kan hulle standpunt waardeer. Maar dit het tyd geword dat ons ook ons goeie bedoelinge sal beheer en oor die implikasies daarvan sal nadink.

'n Tydjie gelede het sestig of sewentig vooraanstaande Suid-Afrikaners, Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, en onder hulle was ook 'n hele paar Brs., 'n verklaring van beginsels bekend gemaak, waarin hulle o.a. ook die noodsaaklikheid van hegte samewerking tussen ons twee groot blanke seksies beklemtoon het. Ek wil nou nie op besonderhede ingaan nie, en ek wil ook sê dat ek met die strekking van die strewe

van daardie manne van harte saamgaan. Maar ek wil terselfdertyd sê dat ek my met die metode wat hulle verkies, nie kan vereenselwig nie en dat ek die bewuste dokument dus nie kon onderteken nie.

Aan die persone wat my genader het om dit te teken, het ek drie redes genoem waarom ek dit nie kon doen nie. Die eerste was dit : 'n mens kan maklik met goeie bedoelinge 'n mooi verklaring in jou studeerkamer opstel, maar om uit te gaan en dit in die praktyk tot werklikheid te maak, is heeltemal 'n ander saak. So 'n verklaring is goeie - en mooi teorie, maar in die tyd waarin ons leef, moet ons realisties wees en moet die mooi dinge prakties uitgevoer word, of minstens prakties uitvoerbaar wees. En nou kon ek nie sien - hoeseer ek die strewe van die betrokke persone gewaardeer en gerespekteer het - watter praktiese nut nou, juis in hierdie tyd met sy besondere verskynsels, uit die verklaring kon voortvloei nie.

My tweede rede : Is goeie samewerking dan nie juis iets wat ons Br. Eerste Minister by herhaling gevra het en waarvoor hy ook met geesdrif gepleit het nie? Nog voor die referendum het hy dit al gedoen. En op die F.A.K. se groot Republikeinse Dankfees by Monumentkoppie het hy weer baie nadruklik om hartlike samewerking tussen al die blankes gevra. Hy het selfs 'n gedeelte van sy toespraak in Engels gehou; in Engels, op 'n F.A.K.-dankfees, by Monumentkoppie. Dit is 'n groot uitsondering op 'n F.A.K.-byeenkoms. Maar ons het dit verwelkom, omdat ons weet hoe ernstig ons Br. Eerste Minister daaroor voel en omdat ons weet hoe noodsaaklik daardie samewerking is. In die lig van dit alles, is die regte ding dan nie om die Eerste Minister se hand van vriendskap te neem nie en te sê : Ons glo u, ons glo in wat u sê, en ons gaan in alle erns nou, saam met u, hierdie samewerking soek?

My derde rede : As die optrede in verband met die bekendmaking van so 'n verklaring so heeltemal buite die Eerste Minister om geskied - soos in hierdie geval gebeur het - lê dit dan nie voor die hand dat dit vroeër of later gebruik sal word om ongewenste pressie op hom te probeer uitoefen nie? U sal verstaan dat ek die opstellers niks ongunstigs wil toedig nie, maar ons moet aan die moontlike implikasies van die metode van optrede dink. As so 'n verklaring - of watter ander dergelike stuk ook al - later gebruik word om druk uit te oefen op die Regering, dan kan dit maklik 'n twisappel onder ons eie mense word; dan kan dit, in

10/ plaas van.......

plaas van samewerking onder mense van verskillende gesindheid, maklik help om verwarring en wrywing te veroorsaak onder mense van gelyke gesindheid. En dit kan ons vandag nie bekostig nie. Immers, is dit dan nie nou by uitstek 'n tyd waarin ons moet waak daarteen dat daar, oor die essensiële dinge van die lewe, verdeeldheid en stryd onder ons sal kom nie?

Hier is miskien Brs. wat in verband met hierdie aangeleentheid van my verskil. Ek respekteer hulle gevoelens. Maar ek dring daarop aan dat ons baie goed moet nadink oor wat ons na buitentoe doen, en dat ons bowenal vir onsself duidelikheid sal kry dat ons nie dinge doen wat onder ons eie mense verdeeldheid sal saai nie.

Naas verskynsels in verband met samewerking tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes, is daar ook verskynsels in verband met die verhouding tussen blank en nie-blank wat vandag ons aandag eis. Met die oog op ons taak en ons plek in die nuwe bedeling wil ek ook kortliks stilstaan by die Afrikaner se houding teenoor die nie-blanke.

Ons verlang goeie, vreedsame verhoudinge tussen blankes en nie-blankes. Ook hier begeer ons gesonde, hartlike samewerking. Deur vooraanstaande, leidende manne word dit vir ons gestel as iets wat gebiedend noodsaaklik geword het vir die toekoms van Suid-Afrika. Veral onder ons Afrikaners is daar vandag 'n baie sterk stroming van hierdie aard.

Ook met die goeie bedoelinge hiervan is daar nie fout te vind nie. Maar ek vra my af : Is dit dan nou iets nuuts onder Afrikaners? Waarom moet dit dan juis vandag so nadruklik onder ons aandag gebring word? Het ons dan in die verlede soveel in hierdie verband gesondig dat dit noodsaaklik geword het dat ons nou van hart moet verander?

Ook hier kan ek sê dat ons rekord in die verlede darem nie so sleg was nie. Ons geskiedenis toon aan hoedat ons voorouers in 'n donker binneland, waar wrede inboorlinge mekaar met woeste geweld probeer uitroei het, ingetrek het en daar die Evangeliewoord en wet en orde gevestig het. Ons sien ook hoedat, toe dit gebeur het, vreesbevange inboorlinge uit hulle skuilplekke gekom het en in rus en vrede onder die beskerming van ons voorouers kom woon het. Ons sien Boerebaanbrekers, hoedat hulle in tye van droogte en hongersnood, tal van inboorlinge

aan die lewe hou. Ons sien ook hoedat in ons Uniegrondwet, toe dit in 1909 goedgekeur is, daar darem ook spesiaal aan die belange van die nie-blankes gedink is in soverre neergelê is dat die Regering 'n aantal Senatore sal benoem wat spesiale kennis van nie-blanke sake besit. Dit steek nie sleg af by die federale grondwette van Kanada en Australië, wat in 1867 en 1900 onderskeidelik aangeneem is nie : As 'n mens na hierdie grondwette kyk, dan vind jy dat daar eenvoudig geen woord oor die belange van die inboorlinge gerep word nie. As ons na daardie lande vandag kyk dan vind ons dat die inboorlinge grotendeels verjaag en verdryf is, en dat dié wat oorgebly het hoofsaaklik in reservate saam gevestig is waar hulle 'n agterlike bestaan voer. Maar in Suid-Afrika het die Bantoe bewaar gebly, hy is beskerm en het gefloreer, sodat sy getalle sterk toegeneem het, en ook vandag nog steeds toeneem.

Ons rekord is dus waarlik nie so sleg nie en daar is nie rede om te dink dat ons nou skielik van hart moet verander nie. Maar terwyl ons dit sê, is dit nodig dat ons die juiste perspektief behou. Ek wil nie sê dat daar nie foute gemaak is nie. Daar is foute gemaak, maar dit was nie foute van ons volk as sodanig nie, dit was foute van individue.

Die F.A.K. het by geleentheid 'n kongres oor Volksmusiek gereël. Daar was 'n paar honderd afgevaardigdes uit alle dele van ons land aanwesig. Die bestuur het dr. I.D. du Plessis gevra om met sy Maleierkore, wat in sommige van hulle liedere ons Nederlandse invloede bewaar het, 'n paar nommers te kom lewer. Hy het ingewillig en die kore het vir die paar nommers gekom. Daardie Maleiers is netjiese mense, en baie van hulle is ook besonder hoogstaande mense. Hulle het pragtig gesing. Na hulle laaste nommer het die aand se verrigtinge afgesluit. Op gebruiklike wyse is die Stem van Suid-Afrika gesing. Die Maleierkoor op die verhoog het ook gesing. Toe ons die saal uitloop, sê ek aan 'n ou vriend so skuins agter my : „Was dit nie mooi en treffend nie!" „Ja," was sy antwoord, „dit was mooi, maar dit stuit my teen die bors as ek die Hotnots Die Stem hoor sing." Sulke dinge is foute, - niemand sal dit ontken nie.

Laat ek 'n ander voorbeeld noem. Ek was aanwesig by 'n deftige dinee wat die Burgemeester van een van ons groter dorpe by 'n belangrike ge-

leentheid vir 'n paar honderd besoekende gaste aangebied het. Sowat dertig of veertig kleurling-tafelbediendes is daar gebruik en hulle het die bediening op flinke, saaklike wyse waargeneem. Hulle was op hulle plek en beskeie, sodat daar op hulle gedrag niks te sê was nie. Aan die einde van die dinee, toe een van die besoekers aan die woord gekom het, het die kleurlingbediendes ordelik teen die mure van die saal gaan staan. Die spreker het die Burgemeester en sy Raad vir die ontvangs bedank. Hy het dit goedgevind om verder te gaan en oor die afbakening van groepsgebiede te praat. Hy het min of meer laat volg - terwyl die Kleurlinge rondom teen die mure staan : „Ja, dit was vanaand baie lekker hier, maar eendag, wanneer die Groepsgebiedewet toegepas word, sal hier nog 'n groot verandering kom want dan sal julle julle geelbekke nie weer hier hê nie." Ek kyk so eenkant toe na 'n paar Kleurlinge daar teen die muur; een van hulle ken ek, hy het kort tevore gehelp om 'n Afrikaanse taalfees in Kaapstad te organiseer.

Dit is foute hierdie, ernstige foute, en 'n mens het baie spyt daaroor. Maar 'n mens moet die juiste perspektief behou. Dit is foute wat deur individue gemaak is, en dit is die gevolg van oningeligtheid, onbedagsaamheid of taktloosheid. Dit is nie foute van ons volk as sodanig nie. En sulke foute van individue moet ons nou nie daartoe bring om te dink dat ons standpunt en beleid in die verlede verkeerd was en dat dit nou eensklaps radikaal verander moet word nie.

Nie net aan ons verhouding teenoor Engelssprekendes en ons verhouding teenoor nie-blankes moet ons aandag wy nie, maar ook aan ons verhouding teenoor die buiteland. Wat die groot buiteland daarbuite aanbetref, is dit só dat ernstige probleme ons in die aangesig staar. Ons sien en hoor dit op baie plekke : in praatjies wat deur gesaghebbendes oor die radio gelewer word; in die beriggewing oor wêreldgebeure in die koerante; en in artikels en boeke wat oor aktuele internasionale vraagstukke verskyn.

Vanweë ons rassebeleid het Suid-Afrika vandag nie baie vriende in die wêreld nie. Daar is die Afrika-state : die Federasie van Rhodesië en Nyassaland (waar 'n beleid van sogenaamde vennootskap of partnership toegepas word), daar is Ghana en Nigerië, en binne afsienbare tyd sal daar miskien die Kongo en nog 'n hele paar ander wees. Maar onder hulle -

só lyk dit altans nou - sal ons geen vriende hê nie. M.a.w. op die vasteland waar ons woon, het ons nie vriende op wie ons kan reken nie. Dit is 'n ernstige toestand, wat 'n mens natuurlik nie kan wegredeneer nie.

Ons kan ook buite die vasteland van Afrika kyk : na Rusland en die Asiatiese lande. U weet wat hulle houding is, en hoedat hulle ons voortdurend in die V.V.O. en daarbuite aanval. Daar is ook die Westerse lande : lande van Europa, Groot-Brittanje, Amerika en Kanada; en daar is die blanke state van die Ooste, Australië en Nieu-Seeland. Dit is wel waar dat daar bv. in Brittanje en Australië 'n mate van begrip van ons moeilikhede gevind word, maar ons word tot die gevolgtrekking gedwing dat ons, in die wêreld om ons heen, baie min vriende het. Trouens, daar is nie een wat openlik aan ons kant na vore tree nie.

Hoef dit ons dan te verwonder dat ons vandag Afrikaners kry wat vreesbevange raak, en wat voel dat ons nou na buitentoe gebare moet maak, waardeur ons in die buiteland vir ons vriende sal wen? Daar is van ons wat sê dat ons nou moet toesien dat Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement verteenwoordig moet word, want as ons dit doen sal ons 'n goeie gebaar teenoor die buiteland maak en sal ons toon dat ons nie net op grond van kleur diskrimineer nie. Ek het ook gehoor dat iemand sê - en dit was nogal 'n goed-ingeligte, Nasionale Afrikaner - dat die tyd aangebreek het dat ons nie-blanke ambassadeurs na die buiteland moet stuur, want daardeur sal ons aan die buiteland toon dat ons nie beoog om die nie-blanke uit te buit en te onderdruk nie, en sal ons aldus dan die gramskap van die buiteland laat afneem.

Om te verwag dat sulke gebare nou wel hierdie uitwerking sal hê, lyk vir my 'n bietjie naïef. Maar dit laat ek nou maar daar. Die groot vraag is vir my eerder of 'n mens op berekende wyse sulke individuele gebare kan maak, om die buiteland bewustelik onder sekere indrukke te bring, en of jy kan verwag om op hierdie grondslag groot vraagstukke op te los. Lê dit nie voor die hand nie dat dit veel beter is om in ons eie land voort te gaan met 'n beleid wat ons weet wat reg is? Moet ons nie liewer met eerlikheid en opregtheid die buiteland probeer oortuig dat ons beleid die beste is nie? Die toestand in die Kongo het reeds

14/ aan baie......

aan baie lande van die buitewêreld getoon dat die beleid van gelykstelling en van skielike onafhanklikheid vir primitiewe volke nie kan beantwoord nie. Hier het ons 'n sprekende vingerwysing dat die standpunt van Suid-Afrika korrek en gesond is, en nou is dit juis die tyd wanneer ons nie vreesbevange moet raak en haastig allerhande gebare en toegewings moet maak nie.

Baie Afrikaners is vandag al te seer gevang deur 'n krisisdenke, en hulle soek oplossings in krisisstappe. En dit terwyl 'n tyd soos hierdie juis nie die tyd vir krisisdenke en krisisstappe is nie. Brs., as dit so aangaan, waar gaan dit eindig! Ek vrees ons begin in ons gemoed al plek maak vir iets van die gees van die ou Londense Sendinggenootskap. Aan die goeie bedoelinge van die mense van die Londense Sendinggenootskap was daar ook nie te twyfel nie, maar ons weet ook dat hulle in hulle beskouinge heeltemal onrealisties was en dat hulle groot onheil oor die witman in Suid-Afrika gebring het.

Met betrekking tot hierdie krisisdenke het iemand nou die dag treffend gesê : „Ons is besig om vendusie van ons beginsels, en sommige van ons het blykbaar nie eers meer inhoupryse nie!" Ek hoop van harte dat hierdie Bondsraad, hier waar ons van man tot man reguit en ruiterlik praat, sal help om ons die regte perspektief te gee en om ons die leiding te gee waaraan ons nou so 'n ernstige behoefte het.

Hiermee het ek 'n paar vername verskynsels geskets waarmee ons in die Republiek, of ten minste in die beginjare van die Republiek, sal moet rekening hou. Ek het ook reeds 'n aanduiding gegee van wat m.i. die houding en taak van ons as Afrikaners, en byname as lede van die A.B., moet wees. Laat ek die taak van die A.B. nou 'n bietjie nader omlyn en presieser stel.

Die taak van die A.B. sal eers en veral wees om te waak teen verwatering van ons erkende beproefde Afrikanerbeginsels. Dit sal geld in verband met ons verhouding teenoor Engelssprekendes, ons verhouding teenoor nie-blankes en ons verhouding teenoor die buitewêreld.

Ons sal graag met ons Engelssprekende mede-burgers saamwerk, maar dan moet dit goed verstaan word dat ons in die proses nie beginsels gaan prysgee nie. Ek het aan u die brief van ons Br. Eerste Minister voorgelees : hy het gewaarsku teen sekere toegewings wat vandag soms

bepleit word, d.i. toegewings waardeur miskien 'n skyneenheid verkry kan word maar wat die prysgawe van beginsels sal verg. Dit is juis wat ek bedoel. Die A.B. sal daarteen moet waak dat ons nie kardinale beginsels sal verwater ter wille van die twyfelagtige voordeel van 'n skyneenheid nie. Ons moet opnuut op die bekende stelreël van wyle dr. D.F. Malan ag slaan : Bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort.

Innerlike oortuiging is nie iets wat jy met 'n formele besluit, met 'n regulasie, met 'n brief of verklaring in 'n koerant of iets dergeliks, maklik vorm en vestig nie. Innerlike oortuiging is iets wat deur baie jare heen, deur die wisselwerking van gedagtes van mens op mens, en deur die invloed wat mense op verskillende lewensterreine op mekaar uitoefen, gebore en gevestig word. As daar nie die hegte band van innerlike oortuiging tussen mense is nie, kan daar ook geen blywende, gesonde samewerking wees nie en dan kan daar nog minder van eenheid sprake wees.

Van verskeie Afdelings het die U.R. al briewe ontvang waarin op die belangrikheid hiervan gewys word. Op sy vergadering gisteraand het die U.R. weer eens so 'n brief voor hom gehad. Dit was afkomstig van Afdeling Boerefort in Pretoria, en was onderteken deur Br. Van Tonder. Terloops, ek weet nie of Br. Van Tonder miskien hier aanwesig is nie. Br. Van Tonder en sy mede-brs. het sterk gewaarsku dat ons nie onnodige - en selfs gevaarlike - toenadering tot Engelssprekendes moet gaan soek deur van ons eie ideale en beginsels prys te gee nie.

En dan die nie-blankes : Ons sal moet sorg dat, terwyl ons ons bewus is van foute wat in die verlede gemaak is, ons die regte perspektief hou en besef dat daardie foute die foute van individue was. As ons getrou is aan ons verlede, dan moet ons 'n nasionale Afrikanerregering, wat ooreenkomstig ons tradisies met 'n beleid van skeiding en aparte ontwikkeling voortgaan, van harte bystaan. Ons moet ons Brs. in die Regering steun. Dit is vandag net nie die tyd om met haastige kritiek in die openbare pers die Regering aan te val nie. Dit dien geen goeie doel nie, nie vir die Regering nie, nie vir die kritici nie en ook nie vir die nie-blankes self nie.

Brs., nou moet u tog nie hiervan aflei dat dit my mening is dat

16/ ons alles..........

ons alles wat die Regering doen, moet goedkeur nie. Dit is geensins die geval nie. Ons het reg om van die Regering te verskil, en niemand wil ons daardie reg ontsê nie. Maar laat ons oppas hoe ons dit doen. Die openbare pers is m.i. geensins die plek daarvoor nie. Ons moet doen wat die U.R. al verskeie kere gedoen het. As ons van ons Brs. in die Regering verskil, dan moet ons reguit na hulle gaan en ons mening ruiterlik aan hulle gee. Ons moet die inligting aan hulle gee waaroor ons beskik. Hulle sal miskien met ons saamstem, maar miskien ook nie. Hulle sal hulle oorwegings vir ons stel, en ons miskien van die verdienstes van hulle standpunt oortuig. Hoe dit sy, as ons só te werk gaan, sal ons ons Brs.in die Regering help, en nie hulle moeilike taak nog meer bemoeilik nie.

Maar die moment as ons met ernstige meningsverskille in die openbaar, in die koerante, verskyn, speel ons in die hande van diegene wat maar te gretig sit en wag dat daar meningsverskille onder leidende Afrikaners moet kom. Dan berei ons die weg voor dat ons sal verdeel word en dat ons sal verongeluk wat deur jare van sware arbeid opgebou is. Ons verhouding teenoor die nie-blankes, en alles wat daarmee in verband staan, is vandag juis die vrugbaarste terrein waarop sulke meningsverskille aangeblaas kan word. Die A.B. sal moet waak en wakker loop en optree, sodat hy kan help om die vernietigende uitwerking van openbare stryd in eie kring betyds te keer.

Dan ook nog : Ons en die buitewêreld. Wat ook al die probleme is wat vanuit die buiteland kom, ons mag nie nou bang word nie. In die jaar 1960, die jaar waarin ons die moed en geeskrag gehad het om ons uit te spreek ten gunste van 'n Republiek, mag ons nie bang word nie. En ons mag veral nie nou aan allerhande waagsame gebare dink om die guns van die buitewêreld te probeer wen nie. Dit beteken seer seker nie dat ons ons oë moet sluit vir probleme vanuit die buiteland nie. Ons sal die probleme moet aanpak, maar ons kan dit nie in 'n gees van paniekerigheid doen nie. Ons sal ons mense moet help om kalm te bly, en ons sal hulle moet sterk maak. Ons sal ons beleid moet handhaaf en ons sal, deur eie positiewe optrede, die buitewêreld nog moet oortuig.

Dit sal die taak van die A.B. wees om in al hierdie dinge die Afrikaner se denke te rig en sy geeskrag te voed en te versterk.

17/ Die A.B. sal.....

Die A.B. sal die Afrikaner moet staal vir die stryd wat voorlê. Dit sal volgehoue, voortdurende arbeid kos. Dit sal nie dramatiese optrede wees nie. Die A.B. sal in ons volkslewe nie die vinnige, oorweldigende donderstorm wees nie, wat met geweld kom en gaan en gou verby is, maar die A.B. sal die deurdringende landsreën moet wees, wat deurdring tot die wortel toe en wasdom en vrugbaarheid bring.

Ek wil ten slotte kortliks u aandag vestig op die groot fases wat daar in die geskiedenis van die A.B. was. Dit sal ons help om die belangrikheid van die nuwe tyd ook beter in perspektief te sien.

Toe die A.B. in die jare 1918-1919 gestig is, was die doel om 'n organisasie te hê wat vir die Afrikaner op strategiese plekke tot beskerming kon dien. In die Johannesburgse stadsaal het dr. Malan sy historiese vergadering gehou, maar hierdie byeenkoms van ordeliewende Afrikaners is met woeste geweld deur 'n luidrugtige gepeupel uitmekaar geslaan. 'n Aantal geesdriftige jong manne - terloops, hulle het nie uit die voorgestoeltes van die samelewing gekom nie maar het maar nederige betrekkings beklee - het gevoel dat die Afrikaner in sy eie land nie veilig is wanneer hy aan sy oortuigings as Afrikaner uiting gee nie. Dus het hulle 'n organisasie gestig wat die Afrikaner moes beskerm. Daarna het die tweede fase gekom : Die A.B. het sterker geword, en in belang van die Afrikaner het hy strydvaardiglik na buitentoe begin optree. Hy het nog probeer beskerm, maar die klem het nou op optrede en stryd geval. Vervolgens breek die derde fase aan : dit was die tyd toe die klem op konsolidasie geval het. Die Afrikanerdom het deur 'n sameloop van verskillende omstandighede verdeeld en versnipperd geraak, en die A.B. het hom met hart en siel daarvoor beywer om gelykgesinde Afrikaners na mekaar toe te bring. Dit was 'n moeilike taak, maar die U.R., en inderdaad die hele A.B., het 'n belangrike bydrae tot die konsolidasie van die Afrikanerdom gelewer.

Nou, op die vooraand van die Republiek, gaan ons m.i. die vierde fase in. Die A.B. sal veral die wagter op ons mure moet wees; hy sal moet waak oor ons beginsels en hy sal ons mense se geeskrag moet voed. Dit het baie nodig geword, veral nou in hierdie tyd wanneer ons die geestelike grondslae lê waarop die Republiek gebou sal word. Dit sal die taak van die A.B. wees om te help om die Afrikaner toe te rus vir

18/ die groot.......

die groot uitdaging wat voorlê. Die A.B. sal sy bydrae moet lewer sodat, deur die uitdaging, die beste in die Afrikaner uitgebring word.

Uit wat ek gesê het, sal dit duidelik wees dat ek die moeilikhede en probleme wat op ons weg lê, nie veronagsaam nie. Ek het egter ook probeer aantoon hoedat ons hierdie moeilikhede en probleme moet benader en hoedat ons daaroor moet probeer seëvier. Brs., nou wil ek eindelik aan u sê dat ons die toekoms nie met swaarmoedigheid en wanhoop hoef tegemoet te gaan nie. Ons kan die toekoms met hoop en optimisme ingaan. Ek sê dit omdat ek oortuig is dat die Afrikaner, ten spyte van sy moeilikhede en probleme, die uitdaging met moed en stille vertroue sal aanvaar. Die Afrikaner - net soos sy voorouers in hierdie land - is in ons bodem gewortel en hy sal nêrens elders kan lewe nie. Ek glo ook dat die Afrikaner reeds koers en karakter genoeg het om sy stryd in die toekoms te stry. Maar hy sal, soos die generaal voor die veldslag, sy kragte moet monster en versigtig moet opstel, en hy sal met ferme hand en sterke hart moet volhou dwarsdeur die stryd. Juis hierin sal die A.B. sy bydrae moet lewer; en soos ek die A.B. en die U.R. ken, weet ek dat hulle nie hande sal vou en eenkant sal staan terwyl die Afrikaner in die strydperk worstel nie.

Ek sluit af met 'n verwysing na ons ontslape Br. dr. D.F. Malan. Ek wil vir u noem een van die laaste ondervindings wat ek in sy aanwesigheid gehad het. Hy was reeds baie siek. Ek het weer na Môrewag gegaan om te verneem hoe dit gaan. Ek ontmoet mev. Malan, wat my meedeel dat dit nie so goed gaan nie. Ek wou maar weer loop, maar sy nooi my binne met die woorde : „Hy sal jou graag wil sien." Ek het huiwerig en beklemd binnegegaan. In die siekekamer het ek voor dr. Malan se bed gaan sit. Ek het nie gepraat nie en hy het ook nie gepraat nie. Naderhand begin hy verneem, langsaam, met daardie swaar, diep stem wat ons so goed geken het, na sekere dinge daarbuite. Toe skiet die gedagte my te binne : Hier sit ek voor sy bed; hy is ernstig siek; miskien is dit die laaste geleentheid wat ek kry om so met hom te praat en regstreeks van homself sy mening te kry. Ek brand om hom 'n vraag te vra wat my al lankal op die hart lê. Maar sal ek hom nou die vraag vra?

Toe waag ek dit. Maar ek is ontroerd en stel dit maar lomp :

19/ „Dr., hier.....

„Dr., hier is u nou teruggetrek in die rus en vrede van Môrewag. As u nou terugkyk oor al u veeleisende werk van ruim veertig jaar in die openbare lewe, wat, sou u sê, was u grootste bydrae en verdienste vir die vooruitgang van Suid-Afrika gewees?" Hy bly 'n tydlank stil. Toe sê hy skielik met 'n sterk stem, sodat ek voel asof dit deur my gaan : „Wat praat jy dan nou van 'n verdienste? Ek het nie 'n verdienste nie, en jy ook nie." Brs. ek het die berisping sterk aangevoel, maar dit was asof dit my in die stilte aangespoor het om vol te hou. Ek laat dus volg : „Doktor, ek is baie jammer, ek het dit nie só bedoel nie. Maar laat ek nou anders vra : As u terug kyk oor u veertig jaar in die openbare lewe, wat is die vernaamste diens wat u kon lewer?" Hy het weer 'n tydjie gewag, en toe sê hy kalm en rustig : „Die vernaamste diens wat ek kon lewer, was dat ek my mense kon bymekaar bring; die Here het my dit gegun."

Geagte Brs., as ons dink aan die toekoms, dan is dit die gees wat ons moet besiel. As ons dink aan die Republiek, wat ons hoop om binnekort in te gaan, dan is dit die gees waarin ons dit moet ingaan. Wat ons ook al doen, ons moet doen om te dien; en as ons die diens gelewer het, moet ons dit beskou as 'n guns van die Here. Ons dien die Afrikanerdom. Maar meer : ons dien die hele nuwe Suid-Afrika, wat in sy Republiek sal omvat Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes en nie-blankes. Suid-Afrika behoort aan aldrie hierdie groepe. Ons woon almal hier en ons is hier om hier te bly. Maar as oudste en grootste blanke bevolkingsdeel, het ons Afrikaners 'n enorme verantwoordelikheid : dit is vernaamlik ons wat die verantwoordelikheid van leierskap sal moet dra, nie net vir onsself nie maar ook vir die ander.

Laat ons ons inspan in die diens van die nuwe, groot Suid-Afrika. Laat ons dit doen ooreenkomstig die erkende beginsels van die Afrikaner. Laat ons dit doen in die gees van 'n dr. D.F. Malan. Brs., as die A.B. op daardie weg bly voortbeweeg, dan hou ek my daarvan oortuig dat hy 'n groot bydrae sal lewer om ons te help om, ten spyte van gevare wat dreig, met vertroue - ja, met Godsvertroue - die toekoms binne te gaan.

----------oooOooo----------